<b>Totaal:</b>	<b>45</b>	<b>9</b>	<b>43</b>	<b>10</b>	<b>0</b>	<b>1</b>	<b>54</b>	<b>45</b>	<b>9</b>	<b>43</b>	<b>10</b>	<b>0</b>	<b>1</b>	<b>54</b>	<b>6</b>	<b>3</b>	<b>6</b>	<b>3</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>9</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>

**Tabel 12: Huidige Artikel 18.2-leerderskappe: Ras- en Genderindeling**



Artikel 18.2-leerderskapprogram	Duur van Program	Nuwe Inname-teiken <sup>4</sup>				
		2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Passers	3 Jaar	Voortsetting	Voortsetting	18	0	4
Dieselwerktuigkundige	3 Jaar					
Elektrisiëns	3 Jaar					
Plaatwerker-Ketelmaker	3 Jaar					
Motor-elektrisiëns	3 Jaar					
Instrumentasie	4 Jaar					
Freeswerker	4 Jaar	Voortsetting	Voortsetting	15	5	15
Skietertifikaat van bevoegdheid vir geskeduleerde myne	2 Jaar					
Nuwe Inname-teiken:		Voortsetting	Voortsetting	33	5	19

**Tabel 13: Artikel 18.2-leerderskappe: Nuwe Inname-teiken vir 2021/22 – 2025/26**

Totaal Artikel 18.2-leerderskappe by die Myn:					
Artikel 18.2-leerderskappe	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Totaal Nuwe Innames	Voortsetting	Voortsetting	33	5	19
Totaal Aan die Gang	0	0	0	37	23
Huidige Artikel 18.2-leerderskappe	54	54	9	2	
Totaal Artikel 18.2-leerderskappe by die Myn	54	54	42	44	42
Begroting	R14 628 000	R15 505 680	R16 436 021	R17 422 182	R18 467 513

**Tabel 14: Artikel 18.2-leerderskappe: Totale Aantal Leerderskappe by Black Rock Mine Operations vir die tydperk 2021/22 – 2025/26**

### 2.1.5 Skoolsteun- en Post-matriekprogramme

Die Myn het geïdentifiseer dat daar 'n behoefte is aan bykomende wiskunde- en wetenskaponderrig en steun vir hoërskoolstudente om die slaagsyfer van die STEM-vakke in die gasheergemeenskappe te verbeter en deur dit te doen, 'n poel te ontwikkel waaruit die myn-kandidate kan selekteer vir tersiëre onderwysprogramme en werwing vir die myn. Die skoolsteunprogram sal altesame eenhonderd (100) leerders in Grade 11 en 12 uit vyf (5) verskillende skole steun. Die program sal bestaan uit klasse wat tydens weekdae, naweke, asook vakansieprogramme aangebied word. Tydens die klasse sal beide Wiskunde en Natuurkunde met hersieningsklasse en eksamenvoorbereidingsklasse gedek word. Die program sal ook loopbaanvoortligting fasiliteer waar leerders blootgestel word aan verskillende potensiele loopbaanrigtings. Loopbaantoere word gereël by die

<sup>4</sup> Verwys na Aanhangsel B3 vir 'n indeling van die ras- en genderverhoudings soos belyn met die Artikel 18.2-leerderskappinname-teikens

naaste universiteit om leerders aan te moedig en te inspireer om deel van die universiteitslewe te word en ook om motiveringspraatjies te fasiliteer waar invloedryke individue genooi word om leerders deur toesprake en stories te motiveer. Om die studente te steun, sal hulle voorsien word van 'n verskeidenheid van studiemateriaal, soos notaboeke en sakrekenaars om 'n doeltreffende uitkoms van die program te verseker.

Die teikens en begroting vir die implementering van die program word in Tabel 15 hier onder uitgebeeld.

Wiskunde- en Wetenskapprogram:	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Inkubasieprogram Grade 10, 11 & 12	100	100	100	100	100
<b>Totaal</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>
<b>Begroting:</b>	<b>R2 332 000</b>	<b>R2 471 920</b>	<b>R2 620 235</b>	<b>R2 777 449</b>	<b>R2 944 096</b>

**Tabel 15: Skoolsteunprogramme (2021/22 – 2025/26)**

### 2.1.6 Verplaasbare Vaardigheidsopleidingsprogram

Die doel van die Verplaasbare Vaardigheidsprogramme is om werklose lede van gasheergemeenskappe en werknemers met vaardighede toe te rus om hulle opneming in alternatiewe sektore van die ekonomie te bevorder. Werknemers wat geraak word deur afskaling, afdanking of vroeë aftrede moet oor veelvoudige vaardighede beskik en moet ekonomies aktief bly, dus sal hulle die geleentheid gebied word om verplaasbare vaardigheidsopleiding by geagte diensverskaffers by te woon. Soos uiteengesit in die Verplaasbare Vaardigheidsopleidingsteikens in Tabel 16 hier onder, het die myn voorsiening gemaak vir veertig (40) werknemers en/of gemeenskapslede om jaarliks voordeel te trek uit verplaasbare vaardigheidsopleidingsprogramme.

Opleidingskursus	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Verplaasbare Vaardigheidsopleiding (Myn)	10	10	10	10	10
Verplaasbare Vaardigheidsopleiding (Gemeenskap)	30	30	30	30	30
<b>Totaal</b>	<b>40</b>	<b>40</b>	<b>40</b>	<b>40</b>	<b>40</b>
<b>Begroting:</b>	<b>R849 473</b>	<b>R900 441</b>	<b>R954 467</b>	<b>R1 011 735</b>	<b>R1 072 440</b>

**Tabel 16: Verplaasbare Vaardigheidsopleidingsteikens by BRMO vir die tydperk 2021/22 – 2025/26**

Die tipes verplaasbare vaardigheidsopleidingsintervensie waaruit werknemers en gemeenskapslede kan kies, is in ooreenstemming met sleutel ekonomiese aktiwiteite in hulle arbeidsafsendingsareas, die meerderheid waarvan uit die John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit kom. Die tipes verplaasbare vaardigheidsopleidingsintervensie wat die meeste deur die gasheergemeenskappe en/of mynwerknemers versoek word, is:

- Gemeenskapshuisbou
- Elektriese herstelwerk
- Lewendehaweboerdery

- Motorherstelwerk
- Pluimveeboerdery
- Sakebestuur
- Bestuurslisensie

Verplaasbare vaardigheidsopleidingsgeleenthede en -intervensies sal aan toepaslike werknemers deur die MH-prosesse en aan die gasheergemeenskappe deur hulle plaaslike munisipale strukture vir belanghebbende betrokkeheid gekommunikeer word.

Verplaasbare Vaardighede: Strategiese Aksieplan	Verantwoordelike Departement	Tydsraamwerk
1. Verplaasbare vaardighede sal belyn word met die sosio-ekonomiese aktiwiteite van die meerderheid arbeidsafsendingsareas van werknemers.	MH en MHO-departement	Jaarliks
2. Verplaasbare vaardigheidsopleidingsgeleenthede moet deur die MH & MHO-departement en die Toekomstforum aan werknemers gekommunikeer word.	MH en MHO-departement	Jaarliks

**Tabel 17: Verplaasbare Vaardigheidsopleidingsimplementeringstrategie-aksieplan vir die tydperk 2021/22 – 2025/26**

### **2.1.7 Beurs-, Studiebystand- en Internskapprogramme (Regulasie 46 (b) (iv))**

Black Rock-myne is verbind tot die implementering van 'n Beursprogram volgens die vereistes van Regulasie 46 (b) (iv). Die beursskema is gemik op die ontwikkeling van geskikte studente aan wie professionele loopbaangeleenthede ná die voltooiing van hulle studies gebied kan word. Die Myn sal hierdie geleenthede aktief by die plaaslike skole, asook deur die plaaslike en distriksmunisipaliteite se strukture van betrokke belanghebbendes bevorder. Die studieveld sal gerig word deur die moeilik-vulbare poste, soos Mynbouingenieur, Meganiese/Elektriese Ingenieur, Geologie, Opmeting, ens. Buigzaamheid word egter vereis om die beskikbaarheid van geskikte kandidate, marktoestande en indiensnemingsvereistes te akkommodeer.

Die myn sal 'n minimum van dertien (13) gemeenskapsbeursstudente vir die duur van die MAP-tydperk handhaaf (verwys na Tabel 20). Hierdie gemeenskapsbeursgeleenthede sal deurlopend gevul word sodra 'n vakature voorkom (óf deur graduandi óf studente wat nie met die program voortgaan nie).

Internskappe (Tabel 23) word aan studente in hulle finale studiejaar aan universiteite of universiteite van tegnologie gebied om praktiese blootstelling en werkservaring by BRMO op te doen deur 'n gedetailleerde, goed afgeronde ontwikkelingsprogram in hulle spesifieke studieveld. Hierdie internskappe word oor verskillende dissiplines heen aangebied, insluitende Mynbou, Ingenieurswese en Finansies.

Beursprogram	Huidige Gemeenskapsbeurshouers by Black Rock Mine Operations (FJ 2022)						Totaal
	Gender		Ras				
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
Gemeenskapsbeurse	9	4	12	0	0	1	13
<b>Sub-totaal</b>	<b>9</b>	<b>4</b>	<b>12</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>1</b>	<b>13</b>

**Tabel 18: Gemeenskapsbeursprogram by BRMO – Ras- en Genderindeling van Huidige Beurshouers**

Beursprogram	Duur van Program	Nuwe Inname-teiken <sup>5</sup>				
		2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Industriële Ingenieurswese	4	Voortsetting	11	3	8	6
Mynopmeting	3					
Mynbouingenieurswese	4					
Menslike Hulpbronne	3					
Beroepshigiëne	3					
Geologie Honneurs	1					
Geologie	3					
Elektriese Ingenieurswese	2					
Rekenaarwetenskap	3					
Geografie-, Wiskunde- & Tegnologie-onderrig	3					
Sosiale Wetenskap	3					
Stedelike en Streeksbeplanning Honneurs	3					
Chemiese Ingenieurswese	2					
Landbou met Landbou-ekonomie	2					
Ekonomie met Internasionale Handel	3					
Onderwys	3					
Inligtingtegnologie	2					
Regte	2 of 3					
Administrasie	3					
Gesondheidswetenskappe	3					
Veekunde	2					
<b>Totaal Nuwe Innamebeurse</b>		<b>Voortsetting</b>	<b>11</b>	<b>3</b>	<b>8</b>	<b>6</b>

**Tabel 19: Gemeenskapsbeursprogram by BRMO: Inskrywingsteikens vir 2021/22 – 2025/26**

<sup>5</sup> Verwys na Aanhangsel B4 vir 'n indeling in die ras- en genderverhouding van die beursteikens.

Gemeenskapsbeurse by die Myn	Totaal Gemeenskapsbeurse by die Myn				
	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Totaal Nuwe Innames	Voortsetting	11	3	8	6
Totaal Aan die Gang	0	0	11	6	8
Huidige Gemeenskapsbeurshouers	13	2	0	0	0
Totaal Beurse by die Myn:	13	13	14	14	14
Totaal Begrotingvoorsiening:	R2 063 698	R2 187 519	R2 318 771	R2 457 897	R2 605 371

Tabel 20: Gemeenskapsbeursprogram by BRMO vir die tydperk 2021/22 – 2025/26

Internskapprogram	Huidige Internskappe by Black Rock Mine Operations (FJ 2022)						Totaal
	Gender		Ras				
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit	
Internskappe	6	5	10	1	0	0	11
Sub-totaal	6	5	10	1	0	0	11

Tabel 21: Internskapprogram by BRMO – Ras- en Genderindeling van Huidige Interns

Internskapprogram	Duur van Program	Nuwe Inname-teiken vir Internskappe <sup>6</sup>				
		2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Industriële Ingenieurswese	3					
Mynbouingenieurswese	3					
Rotsingenieurswese	3					
Menslike Hulpbronne	3					
Geologie	3					
Mynopmeting	3					
Beroepshigiëne	3	6	Voortsetting	4	6	Voortsetting
Elektriese Ingenieurswese	3					
Konstruksiebestuur	2					
Analitiese Chemie	2					
Meganiese Ingenieurswese	3					
Finansies	3					
<b>Totaal Inname-teiken:</b>		<b>6</b>	<b>Voortsetting</b>	<b>4</b>	<b>6</b>	<b>Voortsetting</b>

Tabel 22: Teiken vir Internskapprogram by BRMO vir die tydperk 2021/22 – 2025/26

<sup>6</sup> Verwys na Aanhangsel B5 vir 'n indeling van ras- en genderverhouding van die Internskapinname-teikens.



Totaal Internskappe	Internskapprogram by Black Rock Mine Operations:				
	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Totaal Nuwe Innames	6	Voortsetting	4	6	0
Totaal Aan die Gang	0	6	6	9	15
Huidige Internskappe	11	10	5	0	0
<b>Totaal Internskappe</b>	<b>17</b>	<b>16</b>	<b>15</b>	<b>15</b>	<b>15</b>
<b>Begroting</b>	<b>R8 694 000</b>	<b>R9 128 700</b>	<b>R9 585 135</b>	<b>R10 064 392</b>	<b>R10 567 611</b>

**Tabel 23: Internskapprogram by Black Rock Mine Operations vir die tydperk 2021/22 – 2025/26**

Benewens die beurs- en internskapprogramme voorsien die myn studiebystandseleenthede aan alle werknemers om deelydse studies te akkommodeer wat die vereistes van hulle huidige posisies en/of buiteveldloopbane komplementeer. Die myn sal jaarliks gedurende September-November studiegeleenthede wat vir werknemers beskikbaar is, adverteer. Altesame dertig (30) studiebystandseleenthede sal elke jaar beskikbaar wees waarvan 'n minimum van 60% van hierdie geleenthede opsygesit word vir vrouewerknemers. Werknemers wat deel is van die studiebystandprogramme sal die geleentheid hê om deel van die program te bly tot voltooiing van hulle kwalifikasie in ooreenstemming met die studiebystandprogramkriteria wat hier onder uiteengesit word.

- ❖ **Kategorie A** – Verpligte toesighoudende, bestuurs- en uitvoerende studies, asook gespesialiseerde tegniese voorvereistekwalifikasies. Die kategorie is vir toesighoudende en bestuursposisies en is verpligtend vir werknemers wat deur die maatskappy geborg gaan word. Die maatskappy borg alle studiebehoefte, d.w.s. onderrig, akkommodasie, boeke, studieverlof en reis. 'n Terugwerktydperk is gelyk aan die duur van die werknemer se borgskap.
- ❖ **Kategorie B** – Verpligte minimum vereiste van huidige of opvolgposisie en komplementêr tot die huidige dissipline van die werknemer en toekomstige loopbaanrigting. Die kategorie is vir alle werknemers wat 'n kwalifikasie nodig het wat 'n vereiste is vir hulle huidige rol of vir loopbaanvoortgang. Die kwalifikasie word ten volle deur die maatskappy geborg. Die maatskappy borg studiebehoefte, d.w.s. onderrig, boeke en studieverlof. 'n Terugwerktydperk is gelyk aan die duur van die werknemer se borgskap.
- ❖ **Kategorie C** – Selfbelang en/of selfgeïnisieerde loopbaanverandering binne die maatskappy of mynboubedryf. Hierdie kategorie is vir alle werknemers wat daarin belangstel om te studeer vir 'n kwalifikasie buite hulle huidige werkstroom. Die maatskappy borg hierdie kategorie indien daar beskikbare fondse is en na goeddunke van die departementshoof. Die maatskappy borg studiebehoefte, d.w.s. onderrig, boeke en studieverlof. Daar is geen terugwerktydperk van toepassing op buiteveld van diensaansoekers se studieleenings nie.



Studiebystand	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Totaal Studiebystand by die Myn	30	30	30	30	30
Begroting	R2 000 000	R2 120 000	R2 247 200	R2 382 032	R2 524 954

Tabel 24: Teikens vir Studiebystand by BRMO vir die tydperk 2021/22 – 2025/26<sup>7</sup>

-In Tabel 25 hier onder word die Strategiese Aksieplan vir die implementering van die Beurs-, Internskap- en Studiebystandprogramme by die myn uiteengesit.

Strategiese Aksieplan	Verantwoordelike Departement	Voltooingsdatum
<b>1. Gemeenskapsbeurse</b>	MHO-departement	Jaarliks, meesal aan die begin van die akademiese jaar
1.1 Die beursfonds sal voorsiening maak vir studente wat vir 'n tersiêre kwalifikasie by 'n erkende Suid-Afrikaanse tersiêre instelling studeer.		
1.2 Beursgeleenthede word intern en ekstern geadverteer deur gebruik te maak van plaaslike koerante, plaaslike munisipaliteite en ander platforms wat studente trek.		
1.3 Eksterne beurse sal by voorkeur toegeken word aan studente uit die plaaslike gasheermunisipaliteite mits hulle voldoen aan die beurskriteria soos uiteengesit deur BRMO. Voorkeur sal gegee word aan VBP uit die gasheergemeenskappe.		
1.4 Daar sal van diegene wat mynbouverwante beurse ontvang, verwag word om vakansiewerk te verrig en indiensopleiding op die myn te ontvang en ook om dienskontrakte aan te gaan soos en wanneer vereis.		
1.5 Mentors word aangestel om die studente en graduandi gedurende beroeps- en/of ervaringsopleiding te mentor.		
1.6 Vordering in die Beursprogram sal op 'n jaarlikse grondslag in die MAP-jaarverslag gerapporteer word.		Deurlopend
<b>2. Internskapprogram</b>		
2.1 Die internskapprogram steun die beursprogram deur studente op te neem wat hulle studies voltooi het en wat aan hulle werkplekblootstelling verskaf		
2.2 Die internskapprogram bied aan studente die geleentheid om hulle kwalifikasies af te handel indien indiensopleiding vereis word.		
<b>3. Studiebystand</b>	Deurlopend	
3.1 Die beursfonds sal voorsiening maak vir studente wat vir 'n tersiêre kwalifikasie by 'n erkende Suid-Afrikaanse tersiêre instelling studeer.		
3.2 Studiebystand sal toegeken word aan werknemers ingevolge BRMO se keuringskriteria; voorkeur sal gegee word aan VBP en vroue.		
3.3 Vordering in die Beursprogram sal op 'n jaarlikse grondslag in die MAP-jaarverslag gerapporteer word.		

Tabel 25: Strategiese Aksieplan vir Gemeenskapsbeurs- en Internskapprogramimplementering

<sup>7</sup> Verwys na Aanhangsel B6 vir 'n indeling van ras- en genderverhouding van die Studiebystandteikens.

## 2.1 Loopbaanvorderingsprogram (Reg. 46 (b) (ii))

'n Loopbaanvorderingsprogram het ten doel om 'n loopbaanrigting vir werknemers te demonstreer wat potensiële roetes na vordering van een rol of posisie na 'n ander binne 'n gespesifiseerde dissipline aandui deur die definiëring van bevoegdhede, soos kennis, vaardighede en ervaring wat vereis word deur die verskeie poskategorieë. Die skuif of verandering kan óf na 'n posisie op dieselfde vlak óf na 'n posisie op 'n hoër vlak van indiensneming wees indien vakatures beskikbaar raak. Die loopbaanrigting sal die werwings- en keuringsproses, opleiding en ontwikkeling, asook die talentbestuursproses rig. Deur strategiese loopbaanontwikkelingsbeplanning behou BRMO die fokus op interne bevorderings- en opvolgbeplanning as 'n sleutelstrategie om vakante poste intern te vul.

'n Opvolgplan is gevestig in ooreenstemming met die bedryf se strategiese ontwikkelingsplan om bevorderingsgeleenthede aan te moedig. Die seleksie van die opvolgpoel van kandidate is ooreenkomstig die Diensbillikheidsplan en oorweging sal geskenk word aan skaars- en kritiese vaardighede. Tabel 26 hier onder bied die strategiese plan vir deurlopende implementering van die Loopbaanvorderingsprogram by die myn met Tabel 27 wat die vorderingsgeleenthede van werknemers onder die gelyste dissiplines binne die maatskappy uiteensit. Hierdie vooruitgang word gesteun deur verskeie ontwikkelingsintervensies, soos Mentorskap, Studiebystand, Leierskap- en toesighoudende Ontwikkeling, Opvolgontwikkeling en Leerprogramme. Aanhangsel C bied twee voorbeelde van loopbaanrigtings spesifiek tot BRMO Mynbou en Ingenieurswese.

Loopbaanvorderingsplan: Strategie	Verantwoordelike Departement	Tydsraamwerk
1. Werknemers word omtrent beskikbare loopbaanrigtings in kennis gestel by wyse van intredesessies en individuele loopbaanvoorligtingsessies.	MHO-departement	Deurlopend
2. Volledige posbeskrywings vir alle posisies by BRMO		Posbeskrywings vir alle posisies is in plek. Onderhoud is deurlopend
3. Dui generiese loopbaanrigtings vir alle posisies op die posbeskrywings aan.		Loopbaanrigtings word in posbeskrywings ingesluit en bygewerk in ooreenstemming met sakevereistes.
4. 'n Loopbaanrigtingdokument is ontwikkel vir elke departement wat 'n generiese loopbaanrigting vir ontwikkelingsdoeleindes aandui.		'n Amptelike loopbaanrigtingdokument wat vorderingsrigtings per dissipline aandui, is vir werknemers beskikbaar.
5. As deel van die jaarlikse IOP-proses sal BRMO geleenthede vir werknemers fasiliteer om loopbaanaspirasies te bespreek en geprioritiseerde loopbaanvaardighede binne die huidige dissipline (werkverwant) op 'n vaardigheidsvereiste grondslag te vestig.		Vordering word met die Komitee tydens amptelike BI- en VO-vergaderings ingevolge die vereiste rapporteringsjablone en strukture gedeel.
6. Gereelde vorderingsverslae aan die Diensbillikheids-/Vaardigheidsontwikkelingskomitee.		Tweejaarliks
7. Hersiening van loopbaanontwikkeling gekoppel aan die loopbaanvooruitgangintervensie waarvan hulle deel is, sal met werknemers uitgevoer word.		Deurlopend
8. Opleidingsmatryse sal ontwikkeling aandui wat vereis word vir loopbaanvooruitgang en ontwikkelingsintervensies wat in lyn met sodanige vereistes geprioritiseer moet word.		

**Tabel 26: Strategiese Aksieplan vir Implementering van Loopbaanvooruitgangsprogramme by Black Rock Mine Operations**

Posisie	Opleidingsintervensie	Kwalifikasie wat behaal moet word	2021/2022			2022/2023			2023/2024			2024/2025			2025/2026		
			Nuwe Teiken	Voortsetting	Deur	Nuwe Teiken	Voortsetting	Deur	Nuwe Teiken	Voortsetting	Deur	Nuwe Teiken	Voortsetting	Deur	Nuwe Teiken	Voortsetting	Deur
Mynbouwerkzaamhede Bestuurder (Plaaslik)	Opvolgontwikkeling	Bestuursontwikkelingsprogram	1				1			1	1	1				1	
Bestuurder Finansies	Opvolgontwikkeling	Bestuursontwikkelingsprogram	1				1			1	1	1				1	
Bestuurder Ingenieurswese	Opvolgontwikkeling	Bestuursontwikkelingsprogram	1				1			1	1	1				1	
Bestuurder VGORG	Opvolgontwikkeling	Bestuursontwikkelingsprogram	1				1			1	1	1				1	
Bate-ingenieur	Opvolgontwikkeling	Bestuursontwikkelingsprogram	1				1			1	1	1				1	
Rotsingenieurs	Opvolgontwikkeling	Rotsingenieursertifikaat Bestuursontwikkelingsprogram	1				1			1	1	1				1	
Mynbeplanner	Opvolgontwikkeling	NVT (Werkplekblootstelling)	1				1			1	1	1				1	
Motor-elektrisiëns	Leerderskap Ingenieurswese	Rooi seël	1				1			1	1	1				1	
Dieselwerktuigkundiges	Leerderskap Ingenieurswese	Rooi seël	1				1			1	1	1				1	
Hysmasjiendrywer	Opvolgontwikkeling	Hysmasjiendrywersertifikaat	1				1			1	1	1				1	
Skofbaas	Opvolgontwikkeling	Mynopsigtersertifikaat Bestuursontwikkelingsprogram	5				5	5	5	0			5	5	5	0	
Myner	Opvolgontwikkeling	Skofbaas-sertifikaat Toesighousertifikaat	5				5	5	5	0			5	5	5	0	
Voorman	Opvolgontwikkeling	Ingenieurstudies Voormansertifikaat	5				5	5	5	0			5	5	5	0	
Ondervoorman	Opvolgontwikkeling	Ingenieurstudies Toesighousertifikaat	5				5	5	5	0			5	5	5	0	
Myners	18.1 Leerderskap Mynbou	Skietsertifikaat van bevoegdheid vir geskeduleerde myne	9				9	9	9	0			9	9	9	0	
Vakman	18.1 Leerderskap Ingenieurswese	Ingenieurstudies Rooi seël		10			10	8	8	2			10			10	
<b>Totaal</b>			<b>39</b>	<b>10</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>49</b>	<b>37</b>	<b>37</b>	<b>12</b>	<b>10</b>	<b>10</b>	<b>39</b>	<b>29</b>	<b>29</b>	<b>20</b>	<b>0</b>
<b>Totaal Loopbaanvoortgangsprogramme by die Myn:</b>						<b>49</b>			<b>49</b>			<b>49</b>			<b>49</b>		

Tabel 27: Geteikende Loopbaanvoortgangsplanne by BRMO vir die tydperk 2021/22 – 2025/26

## 2.2 Mentorskapplan (Reg. 46 (b)(iii))

BRMO steun mentorskap- en opleidingsprogramme en glo dat dit een van die sleuteldrywers is om die verwagte uitkomst van loopbaanvoortgang en persoonlike ontwikkeling te bereik. **Mentorskap** is 'n geformaliseerde verhouding tussen 'n mentor en 'n mentee wat gestig is om die mentee se loopbaan te bevorder deur middel van die oorpasing en opbou van vaardighede en kennis. Opleidings- en mentorskapprogramme by BRMO sluit die volgende intervensies in:

- BRMO Inskakelopleiding: Toegewys aan groepe lynbestuurders in die bedryf
- Uitvoerende Opleiding: Voorsien aan beroepsvlakke in Senior Bestuur en professioneel-gekwalifiseerde, ervare spesialiste en middelbestuur
- Leerderskappe/Interns/Beurshouers/Werkervaring/Opvolgers: Indiensopleiding en toegewysde mentors in die werkomgewing
- Mentor- en Mentee-opleiding: Formele opleiding voorsien aan mentees en mentors.

Die formalisering van hierdie proses behels geskeduleerde vergaderings, duidelike doelstellings, gereelde monitoring en gespesifiseerde tydsraamwerke vir die voltooiing en bereiking van doelwitte. Tabelle 28 en 29 bied 'n uiteensetting van die implementeringsplan en teikens vir die mentorskapprogram. Alle mentees is tans deel van die verskeie opleidings- en loopbaanontwikkelingsprogramme by Black Rock Mine Operations soos uiteengesit in die verskeie teikentabelle reg deur Afdeling 2 van hierdie dokument.

Mentorskap- en Opleidingsprogram: Strategiese Aksieplan	Verantwoordelike Departement	Tydsraamwerk
1. Identifiseer werknemers binne die maatskappy met spesifieke mentorskap- en opleidingsbehoefte en skakel hulle by 'n geskikte mentor en/of opleier in.	MH-departement	Deurlopend
2. Betrek paslike ervare werknemers om hulle belangstelling en geskiktheid om aan die mentorskapprogram deel te neem te assesser.	MH-departement	Deurlopend
3. Ontwikkeling van 'n formele ooreenkoms tussen mentor en mentee	MH-departement	Deurlopend
4. Bied formele opleiding aan mentors en mentees.	MH-departement	Deurlopend
5. Implementeer en monitor die mentorskapprogram.	MH-departement	Kwartaallikse hersieningsessies met die mentor en mentee om vordering en die gehalte van die mentorskapverhouding op te volg.

Tabel 28: Strategiese Implementeringsplan vir Mentorskapprogram by Black Rock-myne

Aantal Werknemers en Nie-werknemers in Mentorskapprogramme					
Aantal Mentees per Kategorie	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026
Leerderskappe 18.1	27	27	27	27	19
Leerderskappe 18.2	54	54	42	44	42
Beurse	13	13	14	14	14
Internskappe	17	16	15	15	15
Loopbaanvooruitgangsplanne	28	28	28	28	28
<b>Totaal Mentees:</b>	<b>139</b>	<b>138</b>	<b>126</b>	<b>128</b>	<b>118</b>
<b>Aantal Mentors</b>	<b>35</b>	<b>35</b>	<b>32</b>	<b>32</b>	<b>30</b>
<b>Begroting</b>	<b>R1 087 560</b>	<b>R1 166 297</b>	<b>R1 179 106</b>	<b>R1 257 427</b>	<b>R1 324 843</b>

Tabel 29: Teikens vir Mentorskapprogram by BRMO vir die tydperk 2021/22 – 2025/26

## **Diensbillikheidsplan (Reg. 46 (b)(v))**

Ter voldoening aan die Wet op Diensbillikheid, nr. 55 van 1998 (DB-wet), het BRMO die Bestuurder Menslike Hulpbronne toegewys as die Senior Bestuurder vir Diensbillikheid om algehele verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid te aanvaar vir Black Rock-myne se voldoening aan die Wet op Diensbillikheid.

Die Diensbillikheids- en Vaardigheidskomiteeforum voldoen aan die verteenwoordigingsvereistes van Artikel 16 van die DB-wet. Die forum vergader ten minste kwartaalliks en die notules/rekords van hierdie vergaderings word op datum gehou. Spesiale vergaderings word gereserveer vir konsultasies oor die hindernisontleding en monitering, die Diensbillikheidsplan en die jaarlikse rapportering aan die onderskeie regeringsowerhede. Die Diensbillikheidsplan en strategieë is instrumente wat aangewend word om die myn te help in die bevordering van gelyke geleenthede en regverdigde dienspraktyke deur die uitskakeling van diskriminasie en die instelling van regstellende aksie-maatreëls om wanbalanse van die verlede reg te stel. Die DB-doelwitte kry insette van alle belanghebbendes met betrekking tot numeriese doelwitte en regstellende aksie-maatreëls en die finale plan word bekragtig deur die Senior Algemene Bestuurder na konsultasies binne die diensbillikheidsforum.

Dienspraktyke is gemik op die bereiking van transformasieteikens soos gespesifiseer deur die Mynboumanifes. Black Rock-myne is verbind tot die indiensneming van plaaslike gasheergemeenskappe. Die plaaslike media word grotendeels gebruik vir werkgeleentheidsadvertensies reg deur die arbeidsafsendingsareas, d.w.s. Gamagara, Ga-Segonyana en Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteite. Kritiese vaardighede (Senior Bestuur en professioneel-gekwalifiseerde ervare spesialiste en middelbestuursvaardighede) word plaaslik, provinsiaal en nasionaal geadverteer. Die werwingstrategie is in ooreenstemming met die Diensbillikheidsplan en die Mynboumanifesvereistes en soos vereis deur die maatskappy se Diensbillikheidsplan. BRMO het prosesse in plek om werwing van aangewese groepe, veral vroue op te volg en te monitor.

Tabel 30 hier onder is 'n uiteensetting van die arbeidsmagbasislyninligting in Vorm S soos op 31 Maart, terwyl Tabel 31 'n aanduiding bied van die diensbillikheidsteikens vir Black Rock Mine Operations vir die tydperk 2021-2026. Die myn is bewus daarvan dat die teikens vir vrouevertenwoordiging laer is as die gestelde teikens in die Mynboumanifes se Telkaart. Die teikens is egter in ooreenstemming met die myn se Diensbillikheidsplan en operasionele realiteite. Om vrouevertenwoordiging te verbeter oor die verskillende beroepsvlakke heen, het BRMO 'n reeks Menslike Hulpbronontwikkelingsinisiatiewe met streng vrouevertenwoordigingsvereistes in Ingenieursleerderskappe (18.1 en 18.2), Vakman-assistente, Gemeenskapsleerlingoperateurs, Rotsbreking en -skiet en Leerderskappe (18.1 en 18.2), Internskappe en Beurse geïmplementeer. Die maatskappy het verder aangewese posisies spesifiek vir vroue oor alle beroepsvlakke heen geïdentifiseer.



Vlakke	Manlik				Vroulik				Buitelander		Groot Totaal
	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Manlik	Vroulik	
<b>**Raad</b>	2	0	0	7	2	0	0	0	0	0	11
<b>**Uitvoerende Bestuur (Paterson F)</b>	2	1	0	5	0	0	1	1	0	0	10
<b>Senior Bestuur (Paterson E)</b>	2	0	0	4	1	1	0	0	0	0	8
<b>Middelbestuur (Paterson D)</b>	16	6	0	36	14	5	0	4	2	0	83
<b>Geskoolde Tegnies/gekwalifiseerd (Paterson C)</b>	308	130	4	158	104	9	1	24	0	0	738
<b>Semigeskoold (Paterson B)</b>	813	56	0	30	155	26	0	29	1	0	1110
<b>Ongeskoold (Patterson A)</b>	491	40	0	8	179	12	0	1	1	0	732
<b>Groot Totaal</b>	<b>1634</b>	<b>233</b>	<b>4</b>	<b>248</b>	<b>455</b>	<b>53</b>	<b>2</b>	<b>59</b>	<b>4</b>	<b>0</b>	<b>2692</b>
<b>Kern- &amp; kritiese vaardighede</b>	1527	203	3	208	380	28	0	16	0	0	2365
<b>Steun</b>	107	30	1	40	75	25	2	43	4	0	327
<b>Gestremdheid</b>	11	0	0	3	8	0	0	0	0	0	22

Tabel 30: BRMO Vorm S soos op 31 Maart 2021

Vlakke	2021/2022		2022/2023		2023/2024		2024/2025		2025/2026	
	VBP-teiken	Vroue-teiken	VBP-teiken	Vroue-teiken	VBP-teiken	Vroue-teiken	VBP-teiken	Vroue-teiken	VBP-teiken	Vroue-teiken
<b>**Raad</b>	0%	0%	0%	0%	0%	0%	0%	0%	0%	0%
<b>**Uitvoerende Bestuur</b>	0%	0%	0%	0%	0%	0%	0%	0%	0%	0%
<b>Senior Bestuur</b>	56%	22%	56%	22%	56%	22%	56%	22%	56%	22%
<b>Middelbestuur</b>	55%	25%	55%	25%	55%	25%	55%	25%	55%	25%
<b>Junior Bestuur</b>	78%	20%	78%	22%	78%	23%	78%	24%	78%	25%
<b>Kern- &amp; kritiese vaardighede</b>	60%	15%	60%	18%	60%	20%	60%	20%	60%	20%
	2022		2023		2024		2025		2026	
<b>Gestremdheid</b>	1,5%		1,5%		1,5%		1,5%		1,5%	

Tabel 31: Billike Verteenwoordigingsteikens vir BRMO vir die tydperk 2020/21 – 2025/26

\*\*Raad en Uitvoerende Bestuur is gesetel by ARM Hoofkantoor



## **AFDELING 3: PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPROGRAMME**

In Afdeling 3 word die strategiese planne aangebied wat die maatskappy gaan onderneem om die plaaslike ekonomiese ontwikkeling plaaslik en binne die streekskonteks te bevorder.

### **3.1 Sosio-ekonomiese Agtergrondinligting**

BRMO is geleë ongeveer 80 km noordwes van die dorp Kuruman in die John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit van die Noord-Kaap in Suid-Afrika. Die myn se gasheer- en arbeidsafsendingsgemeenskappe is Joe Morolong en Ga-Segonyana wat beide deel uitmaak van die John Taolo Gaetsewe-distrik tesame met Gamagara. Die fokus van die Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsprogramme van die MAP is op Joe Morolong en Ga-Segonyana wat die gasheer- en hoofarbeidsafsendingsmunisipaliteite is. BRMO erken egter dat 'n kleiner groep van sy werknemers van Gamagara is.

Ga-Segonyana maak 16% van die geografiese gebied in die John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit uit. Dit het ontstaan as 'n oorgrensmunisipaliteit wat die Noordwes- en Noord-Kaapprovinsies span. Dit is in 2000 gevestig deur die samesmelting van die Kuruman en Mothibistad Munisipaliteite. Die gebied word ook geadministreer deur 'n tradisionele owerheidstelsel met twee hoofkapteins en hoofmanne.

Joe Morolong is die grootste munisipaliteit in die distrik met driekwart van sy geografiese gebied in die John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit. Die gebied is hoofsaaklik landelik met ongeveer 60% daarvan bestaande uit onbewerkte grondoppervlak. Die gebied word ook geadministreer deur 'n tradisionele owerheidstelsel met verskeie hoofkapteins en hoofmanne. Joe Morolong het 'n bevolkingsafname beleef weens die uitwerking van verstedeliking. Baie mense het gekies om uit die munisipaliteit te trek weens 'n gebrek aan infrastruktuur en toegangsprobleme. Hierdie mense trek oor die algemeen oor na die aangrensende Ga-Segonyana wat 'n ooreenstemmende toename in sy bevolking beleef het. Beide munisipaliteite ervaar uitdagings op die gebied van dienslewering, onderwys en werk en het die voldoening aan basiese behoeftes in gemeenskappe as prioriteitsgebiede uitgelig.

In 2018 het Assmang (Pty) Ltd tesame met ander mynmaatskappye wat oor vier plaaslike munisipaliteite in die Noord-Kaap heen werksaam is, die 'gedeelde waardefilosofie' aangeneem oor hoe regulatoriese, korporatiewe maatskaplike belegging en ondernemings- en verskafferontwikkeling en verantwoordelikhede benader moet word. Hierdie benadering strewe daarna om verder as nakomingsvereistes te beweeg, om met plaaslike belanghebbendes saam te werk om gesamentlik werklike sosio-ekonomiese uitkomstes te bereik deur 'n meer samewerkende benadering en om ook as 'n vereiste van die Mynboumanifes van 2018 hierdie benadering in ag te neem wanneer toekomstige Maatskaplike en Arbeidsplanne (MAP) ontwikkel word. As deel van hierdie benadering het Assmang (Pty) Ltd en BRMO 'n intensiewe program van konsultasie met plaaslike belanghebbendes, insluitende gemeenskapsgroepe, godsdiensteleiers, jongmense, tradisionele leiers en plaaslike en distriksmunisipaliteit oor Ga-Segonyana en Joe Morolong van stapel gestuur.


Hierdie gestruktureerde konsultasie, deur middel van 'n reeks werksinkels met elke groep, het die geleentheid gebied vir grondige besprekings rakende:

- Die sosio-ekonomiese uitdagings wat in Ga-Segonyana en Joe Morolong bestaan. Dit is belangrik dat daar ingesien is dat hierdie uitdagings ingewikkelde en sistemiese kwessies was wat nie die skuld van enige een sektor, bedryf of belanghebbende is nie. Werksinkeldeelnemers het saamgestem dat blaam nie 'n konstruktiewe of selfs akkurate benadering was nie en het saamgestem dat om die 'bose kringloop' van swak ontwikkeling te verbreek, dit nodig sou wees dat alle belanghebbendes saamstaan in 'n samewerkende benadering.
- Teen 48 uitkomst wat die gemeenskappe se gedeelde visie verteenwoordig het, is kwantitatiewe sosio-ekonomiese basislyndata ingesamel van openbare beskikbare bronne, soos die sensus en regeeringsdata.
- Daarby is belanghebbendes gevra om 'n telling van die huidige status van elk van die 48 uitkomst van die gedeelde visie te voorsien om te help om te verstaan 'hoe ver hulle van herstel is'. Hierdie kwalitatiewe data het waarde aan belanghebbendes in die gemeenskap se geleefde ervarings en help om tradisionele kwantitatiewe metrieke en aanwysers wat moontlik nie die hele storie van die uitdagings en lewens van myngemeenskappe vertel nie te kontekstualiseer, te valideer en uit te daag.
- 

As gevolg van hierdie besprekings was dit vir BRMO moontlik om verhoudings met plaaslike belanghebbendes te bou en te versterk.

### **3.2 Sosio-ekonomiese Profiel van die Streek omliggend aan die Myn en beoogde Arbeidsafsendingsareas**

Reg oor Suid-Afrika het onsamehangende plaaslike ontwikkelingsbeplanningsprosesse, beleidsdubbelsinnigheid en implementeringsuitdagings, tesame met 'n ingewikkelde omgewing van groeiende vlakke van wantroue die uitwerking van individuele en kollektiewe ontwikkelingspogings beperk. Hierdie uitdagings raak veral die ontwikkeling van doeltreffende en grondige gekonsulteerde geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOP) wat op sy beurt die doeltreffendheid van die seleksie van plaaslike gemeenskapsontwikkelingsprojekte in maatskaplike en arbeidsplanne (MAP) affekteer wat mynbouverantwoordelikhede en verbintenisse teenoor plaaslike gemeenskappe definieer. Hierdie kwessies is deel van die rede vir BRMO se besluit om 'n verskillende, meer samewerkende benadering in die ontwikkeling van 'n Sosio-ekonomiese Basislynverslag en die gevolglike fokusareas vir ontwikkeling soos uiteengesit in Figuur 3 hier onder aan te neem.



FIGUUR 3: BENADERING EN METODOLOGIE TOT DIE ONTWIKKELING VAN DIE SOSIO-EKONOMIESE BASISLYNVERSLAG (SEPTEMBER 2019)

Onder die 48 uitkomstes wat die gedeelde visie uitmaak, is die gelyste elf (11) geprioritiseerde areas hier onder deur alle belanghebbende groepe in Ga-Segonyana en Joe Morolong beklemtoon.

- 1. Jeugbemagtiging en geleenthede:** Geleentheid vir jongmense wat maklik toeganklik is.
- 2. Versterkte dienste:** Versterking van veral gesondheidsorgdienste is uitgelig as 'n uiters noodsaaklike element van sosio-ekonomiese ontwikkeling.
- 3. Verbeterde infrastruktuur:** Die implementering van doeltreffende en haalbare infrastruktuur, soos paaie, geboue en infrastruktuur wat goed onderhou is. Paaie is in die besonder beklemtoon deur deelnemers in Joe Morolong. BRMO prioritiseer hierdie behoefte-area wat die grondslag van alle diensleweringselemente in die munisipaliteite vorm.

4. **Voldoening aan Basiese Behoeftes:** Die sleutel tot sosio-ekonomiese ontwikkeling is die voldoening aan basiese behoeftes, soos skoon lug, water en sanitasie, veilige strate en behuising, beskerming van menseregte, werk en gelyke geleentheid en rustige gemeenskappe.
5. **Gesondheid en Welsyn:** 'n Behoefte aan ruimtes en fasiliteite, soos veeldoelige gemeenskapsentrums.
6. **Volhoubare lewensbestaan:** Inwoners van die plaaslike munisipale areas benodig 'n volhoubare manier om 'n bestaan te maak om die basiese lewensnoodsaaklikhede (kos, water, skooling en klere) te kan bekostig.
7. **Gevarieerde plaaslike ekonomie:** Volhoubare lewensbestaan is gekoppel aan “die lewe ná die myn” en aan 'n verskuiwing van die plaaslike ekonomie weg van mynbou na 'n meer gevarieerde plaaslike ekonomie wat saamgestel is uit veelvoudige florerende sektore, soos landbou, vervaardiging en toerisme.
8. **Doeltreffende onderwys en relevante vaardighede:** Gehalte-opvoedkundige fasiliteite, insluitende streek tersiêre opvoedkundige instellings waar jongmense in hulle gemeenskappe toegerus is met relevante “gesogte” vaardighede.
9. **Toegang en konnektiwiteit:** Toegang tot die konnektiwiteitsekostel, soos hoëspoed datanetwerke en die dienste wat hierdie netwerke sou kon lewer (bv. verbeterde regeringsdienslewering, opvoedkundige platforms en platforms vir bemagtigingsgeleentheid vir vroue /entrepreneurs, ens.)
10. **Mobiliteit:** Gekoppelde gemeenskappe, die vryheid van beweging en veilige, betroubare vervoer.
11. **Maatskaplike kapitaal:** 'n Sleutelbegrip is 'n stabiele, hoopvolle en veilige samelewing waar almal suksesvol kan wees en 'n rol het in die skep en groei van hierdie samelewing.

### 3.3 Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsbeplanning

#### 3.3.1 Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning: John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit

Die John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit (JTGDM) is geleë in die Noord-Kaapprovinsie en word begrens deur (1) die ZF Mgcawu en Frances Baard Distriksmunisipaliteit aan die weste en suide, (2) die Noordwesprovinsie (Dr. Ruth Segomotsi Mompati Distriksmunisipaliteit) aan die ooste en noordooste en (3) Botswana aan die noordweste.

JTGDM is die tweede kleinste distrik in die Noord-Kaap en beslaan slegs 7% van die provinsie (27 498.9 km<sup>2</sup>) (StatsSA 2016). Administratief bestaan die JTGDM uit drie plaaslike munisipaliteite: (1) die Gamagara PM, (2) die Ga-Segonyana Plaaslike Munisipaliteit en (3) die Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit.

Joe Morolong PM is die distrik se grootste plaaslike munisipaliteit met betrekking tot areagrootte en dek 20 215 km<sup>2</sup>, met Ga-Segonyana PM en Gamagara PM wat 16% en 10% onderskeidelik dek. Die John Taolo Gaetsewe Distrik bestaan uit 186 dorpe en nedersettings waarvan die meerderheid (80%) klein dorpies in die Joe Morolong Munisipaliteit is.

Prioriteit	Doelstellings
Munisipaliteit Finansiële Lewensvatbaarheid en Bestuur	Bevorder en versterk finansiële lewensvatbaarheid
	Verseker dat die munisipale bates behoorlik beveilig is
	Verseker 'n skoon oudit
Basiese Dienslewering en Infrastruktuur-ontwikkeling	Verskaf pad- en vervoerdienste
	Bevorder geïntegreerde menslike nedersettingsbeplanning
	Verskaf en bestuur grootmaatsdienste
	Verskaf voldoende behuising
	Vestig en onderhou gemeenskapsfasiliteite
	Verskaf munisipale gesondheidsorgdienste aan die gemeenskappe
	Kontroleer die gehalte van water
	Verskaf voedselgehalte- en veiligheidsbeheerdienste
	Kontroleer afvalbestuursdienste
	Beheer omgewingsbesoedeling
	Bestuur die verwydering van die gestorwenes
	Verskaf rampbestuursdienste
	Bevorder die belange van kwesbare groepe
Goeie Regering en Openbare Deelname	Verseker doeltreffende strategiese geïntegreerde volhoubare ontwikkeling en prestasiebestuur
	Bevorder etiese gedrag
	Koester en bevorder goeie interregeringsverhoudings
	Bevorder die bereiking van 'n skoon oudituitslag vir al die munisipaliteite in die distrik
	Bestuur risiko's ten opsigte van die munisipaliteit
	Hersien en lewer verslag oor vordering ten opsigte van IOP-implémentering gemeet aan vooropgestelde doelstellings
	Regeer eie munisipale sake
	Bevorder die belange en regte van geteikende groepe – vroue, kinders, jongmense
Munisipale Transformasie en organisatoriese ontwikkeling	Verbeter deelname deur gemeenskappe en belanghebbendes
	Verskaf omvattende menslike hulpbrondienste
	Verbeter en onderhou ITK-stelsels
	Maak seker dat die munisipale bates behoorlik beveilig is
Verskaf en onderhou doeltreffende administrasiestelsels	

Prioriteit	Doelstellings
Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	Ko-ordineer die implementering van die PEO-strategie doeltreffend
	Fasiliteer deelname van maatskaplike vennote in ekonomiese groei-inisiatiewe
	Fasiliteer verhoogde PEO-kapasiteit in die Distrik
	Ko-ordineer Maatskaplike en Arbeidsplanne effektief tot almal se voordeel
	Fasiliteer die skep van werk of indiensnemingsgeleenthede
	Versterk toerismeontwikkeling en bevorder die Distrik as 'n voorkeursoerisbestemming
	Bevorder die bewaring en ontwikkeling van erfenishulpbronne
	Beskikbaarheid van rond vir ekonomiese ontwikkeling

**Tabel 32: GOP Prioriteitselemente vir die John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit**

### 3.3.2 Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning: Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit

Die Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit is versprei oor ongeveer 20 215 km<sup>2</sup>. Dit is geleë in die Noord-Kaapprovinsie van Suid-Afrika in die John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit. Die gebied is hoofsaaklik landelik en bestaan uit omtrent 60% onbewerkte grondoppervlak. Die totale bevolking van die gebied is minder as 'n honderdduisend (100 000) met slegs 58% van die bevolking wat ekonomies aktief is.<sup>8</sup>

<sup>8</sup> <http://www.joemorolong.gov.za/>



Tabel 33 hier onder lys die prioriteitsgebiede soos geïdentifiseer deur die Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit en uitgebeeld in die GOP.<sup>9</sup>

Sleutelprestasiereas	Doelstellings
Basiese Dienslewering en Infrastruktuur-ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>○ Om die voorsiening van doeltreffende infrastruktuur (paaie en stormwater) en energietoevoer te verseker wat sal bydra tot die verbetering van die lewensgehalte van almal in Joe Morolong.</li> <li>○ Om by te dra tot die veiligheid van gemeenskappe deur die pro-aktiewe identifikasie, voorkoming, mitigasie, omgewingsbestuur, brand- en ramprisiko's.</li> </ul>
Goeie Regering en Openbare Deelname	<ul style="list-style-type: none"> <li>○ Om behoorlike regering en openbare deelname te bevorder.</li> <li>○ Om openbare verhoudings te verbeter, dus die onderneming dat klante bedien word met waardigheid en sorg.</li> <li>○ Om die ontwikkeling van die armes en kwesbaarstes te fasiliteer, insluitende bejaardes, vroue, mense met gestremdhede, jongmense en kinderregte.</li> </ul>
Munisipale Transformasie en organisatoriese ontwikkeling	Institusionele transformasie om 'n doeltreffende arbeidsmag te verskaf deur institusionele reëlings in ooreenstemming te bring met die algehele munisipale strategie sodat gehaltesdienste gelewer kan word.
Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	Om volhoubare ekonomiese bemagtiging vir alle gemeenskappe in Joe Morolong te fasiliteer en waarde te skep wat bevorderlik is vir 'n ekonomiese omgewing deur die ontwikkeling van verwante inisiatiewe, insluitende werkskepping en vaardigheidsontwikkeling.
Munisipale Finansiële Bestuur en Bestuurslewensvatbaarheid	Om die finansiële lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van die munisipaliteit te verseker en te hou by statutêre vereistes.

**Tabel 33: GOP Prioriteitselemente vir die Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit<sup>10</sup>**

Uit bogenoemde en deur konsultasies is BRMO se fokus hoofsaaklik gesentreer op:

- Padinfrastruktuurontwikkeling;
- Huishoudelike toegang tot 'n waternetwerk, sanitasie en elektrisiteit;
- Ekonomiese groei, ontwikkeling, kapasiteitsbou en werkskepping.

<sup>9</sup> GOP Vyfjaarplan, Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit, 2021/22 Finansiële Jaar

<sup>10</sup> <http://www.joemorolong.gov.za/GOP> Vyfjaarplan, Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit, 2021/22 Finansiële Jaar, JTGDM ROR Hersiening 2017

### 3.3.3 Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning: Ga-Segonyana Plaaslike Munisipaliteit

Ga-Segonyana Plaaslike Munisipaliteit bestaan uit 34 residensiële gebiede en die stadsraad bestaan uit 14 wyke en 13 proporsioneel-verteenvoordigende (PV) raadslede met sy setel in Kuruman.

Die residensiële gebiede bestaan 20% uit stedelike en buitestedelike gebiede en 80% uit landelike gebiede. Die munisipaliteit dek 'n area van 4 491 km<sup>2</sup>. Die SSG van die munisipaliteit is geleë in Kuruman en die residensiële gebiede van die munisipaliteit is binne 80km met die bevolking geskat op 104 408 (Sensus, 2016).

Alle landelike residensiële gebiede word gadministreer deur die Tradisionele Owerhede. Hierdie gebiede ontvang nie titelaktes nie, want hulle is nie geformaliseer nie. Daar is twee Tradisionele Leiers (Hoofmanne) wat die Batlharo Ba-ga Motlhwane en die Batlhaping Ba-ga Jantjie in die munisipale raad verteenwoordig. Hierdie dinamiese administrasieprosesse benodig uitsonderlike bestuursvaardighede en 'n wil om die munisipale hulpbronbeplanning en -toekenning tot voordeel van die mense te bestuur.

**Tabel 52: Ses (6) Behuingsopsies vervat binne die iKhaya-behuingsbeleid**

Black Rock Mine Operations sal voortgaan om verslag doen oor die vordering wat gemaak word deur die implementering van die iKhaya-beleid by die Noord-Kaap-myne deur gebruik te maak van die rapporteringsvereistes soos uiteengesit in MCSC 2018 en die daaropvolgende Behuings- en Lewenstoestandstandaard, gepubliseer in 2019. Tot en met die einde van Desember 2020 het die maatskappy altesame 652 huiseienaars in 2020 gesteun van 181 in 2019, 448 werknemers huur myneïendomme en 1 723 ontvang huur-subsidies soos geïllustreer in die tabel hier onder. Dit toon duidelik die inklusiwiteit van die Assmang-behuingsmodel.

Aantal werknemers geakkomodeer in enkeleenhede	Aantal werknemers geakkomodeer in gesinseenhede	Aantal werknemers wat huur-subsidie ontvang	Aantal werknemers wat huiseienaarskapsubsidie ontvang	Aantal werknemers wat uitblytoelaag ontvang	Totale aantal werknemers
141	302	1085	684	36	2248

**Tabel 53: Behuigingstatistiek by BRMO soos op 30 Junie 2021**

Afdeling 3.6 voorsien 'n oorsig van die Voedselbewustheidsprogram wat voorgestel is vir gebruik by die Black Rock-myne om die werksmag in te lig oor 'n gebalanseerde gesonde lewensstylbenadering.

### 3.6 Welsyn- en Voedselprogram

Die Myn beskik oor interne en eksterne programme wat gemik is op die voorkoming, behandeling en opvoedkundige bewustheid van siektes, soos TB, MIV/vigs, COVID-19 en ander verwante siektes. Hierdie strategiese programme word versterk deur die getekende memorandum van verstandhouding tussen die Provinsiale Departement van Gesondheid en BRMO met die fokus op oordraagbare siektes waaraan die twee plaaslike munisipaliteite blootgestel is. Black Rock Mine Operations het die instrumentasie bekom om COVID-19 PCR-toetsing op die perseel uit te voer. Infrastruktuur is voorberei vir 'n laboratoriumfasiliteit vir toetsing en COVID-19-sifting. Isolasië- en kwarantynfasiliteite is geïdentifiseer en word aangewend om werknemers by te staan wat nie by hulle eie huise in kwarantyn kan wees nie. Die meeste werknemers by BRMO

kom uit hierdie gemeenskappe en pendel daaglik tussen die myn en hulle landelike gemeenskappe. BRMO sal voortgaan om by te dra tot die positiewe gesondheidstoestande van werknemers deur middel van voortgesette fokus op die volgende:

- Bestuur van MIV/vigs, TB, COVID-19 en ander oordraagbare siektes, kommunikasie van Welsyn- en Siektebestuursbeleide wat TB, MIV, COVID-19 en ander oordraagbare siektes dek;
- Fasilitering van 'n MIV/vigs-intervensieprogram wat alle werknemers betrek;
- Verskaffing van voedselbewustheidsveldtogte en aanvullings aan alle werknemers;
- Deurlopende bestuur van COVID-19 in die myn, insluitende versterking van voorkomende maatreëls om die verspreiding van COVID-19 te bekamp, insluitende die uitreiking van multivitamiene en inspuittings teen griep as maatreëls om immuniteit te versterk.

Voedsel: Strategiese Aksieplan	Verantwoordelike Departement	Tydsraamwerk
1. Implementeer en opdateer waar nodig die Welsyn- en Siektebestuurstrategie	Welsynsafdeling	Deurlopend: Volgende hersiening 2022
2. Gaan aan met MIV/Vigs-bewusmakingsprogramme, vrywillige berading en toetsing (VBT) en tuissorgprogramme		Deurlopend
3. Voortgesette implementering van voedselbewustheidsveldtogte		Jaarliks
4. Voorsiening van daaglikse gratis voedselaanvullings vir alle skofwerkers		Deurlopend
5. Implementering van COVID-19-bestuurs- en voorkomingstrategie		Deurlopend

**Tabel 54: Gesondheid- en Voedselprogramme: Strategiese Aksieplan**

### 3.7 Verkrygingsprogressieprogram

BRMO onderskryf die doelstellings van inklusiewe verkrygingspraktyke soos uiteengesit in die Breë-Basis Sosio-ekonomiese Bemagtigingsmanifes vir die Mynbou- en Mineralebedryf (2018). Deur die ontwikkeling van klein-, medium- en mikro-ondernemings en verskaffers van mynbougoedere en dienste bied BRMO geleentheid binne die plaaslike gemeenskappe om ekonomiese groei uit te brei en ordentlike werk te skep as deel van hulle breër fokus op die implementering van intervensies wat sal lei tot werkskepping en armoedelenigingsprogramme. BRMO het 'n gedetailleerde Verskafferontwikkelingsbeleid en -prosedure ontwikkel ter ondersteuning van die myn se algehele



verbintenis tot die transformasie van die Noord-Kaap-ekonomie. Benewens die beleid het die myn 'n voorkeurverkrygingstransisieplan aan die DMHE voorgelê waarvolgens die myn van voorneme is om 'n inklusiewer aanbodketting (in ooreenstemming met die Mynboumanifest se Telkaartvereistes) ontwikkel.

Deur die implementering van die program beoog die myn:

- voortdurende sinvolle Ondernemings- en Verskafferontwikkelingsprogramme deur die implementering en befondsing van kapasiteitsbouprogramme; en
- effektiewe deelname deur Noord-Kaap-gebaseerde ondernemings in VBP- en jongmensbesit in BRMO se Ondernemings- en Verskafferontwikkelingsprogram.

BRMO sal deurlopend verskaffers/ondernemings in  $\geq 51\%$  VBP-besit identifiseer wat gewillig is om opgelei en/of ondersteun te word en wat gewillig hou by die Bepalings en Voorwaardes van BRMO vir ontwikkelingsprojekte/steungeleenthede. Begunstigdes wat nie aan die Bepalings en Voorwaardes van die Ontwikkelingsooreenkomste voldoen nie, moet besef dat hulle in die pad staan van ekonomiese ontwikkeling in die streek en BRMO sal alle middele tot sy beskikking aanwend om die begunstigde te oortuig om te voldoen of plek te maak vir 'n ander begunstigde.

1. Identifiseer en plaas VBP-entrepreneurs vir begunstigdes op die kortlys in die Ondernemings- en Verskafferontwikkelingsprogram deur gebruik te maak van plaaslike media, SOOO-portaal, Plaaslike en Distriksmunisipaliteite en plaaslike forums.
2. Verleen hulp aan VBP-verskaffers en VBP-ondernemings. BRMO sal verskeie ontwikkelingshulpintervensies, afhangend van toelaatbare begroting, kollektief en individueel toepas gedurende die implementering van die Ondernemings- en Verskafferontwikkelingsprogram. Die volgende ontwikkelingshulp kan geheel na BRMO se eie goeddunke en indien die begroting dit toelaat, gebied word:

## **2.1 Finansiële Bystand**

Kwalifiserende VBP-verskaffers en VBP-ondernemings kan aansoek doen vir bykomende finansiële steun (soos rentevrye lenings vir toerusting en werkskapitaal op versoek). Bo en behalwe verskeie finansiële opsies sal die myn ook Aankoop- en Aanbodbystand bied om goedere en dienste te bekom om kontantvloei beperkings aan te spreek en korter betalingsiklusse toestaan. Aansoek om en goedkeuring vir bykomende finansiële steun sal gebaseer word op duidelik gekommunikeerde kriteria en in ooreenstemming met BRMO se finansiële kontrolebeginsels en beskikbare begroting.

## **2.2 Sakeontwikkelingsbystand**

Vaardighede en tegnologie dra oor op gebiede soos finansies, gehalteverbetering, tegniese versterking en tendervereistes. Daarby sal die myn 'n diensverskaffer beskikbaar stel om van dag tot dag sakeondersteuning en praktiese opleiding aan kwalifiserende VBP-verskaffers en -ondernemings wat dit volgens beskikbare begroting mag nodig kry, te bied.

## **2.3 Mentorskap en Sakeondersteuning**

Kwalifiserende VBP-verskaffers en -ondernemings sal van tyd tot tyd afhangend van beskikbare begroting ingeskryf word in BRMO se mentorskapprogram vir deurlopende sakeondersteuningsmonitering en identifikasie van leemtes. Daar word van begunstigdes vereis om maandelikse mentorskapsessies by te woon vir vorderingsrapportering en evaluering van leemtes geïdentifiseer. Hulle moet die sessies bywoon en aktief deelneem in opleidingsessies of enige steunintervensies wat deur BRMO of aangestelde diensverskaffers gereël word om leemtes die hoof te bied.

## **2.4 Sakegeleenthedebystand**

Die myn sal geleentheid skep vir kwalifiserende VBP-verskaffers en -ondernemings deur die ontbondeling van groter werksomvang in kleiner gedeeltes waar prakties moontlik deur die tenderproses. Spesifieke produkte en dienste en aangewese bestedingsgeleentheid wat opsy gesit is, sal geïdentifiseer word soos en wanneer benodig en waar ekonomies haalbaar om plaaslike VBP-verskafferdeelname te verhoog.

Ontwikkelingsbystand soos hier bo uiteengesit sal vir 'n ooreengekome tydperk wees waarna die verskaffer/onderneming in staat behoort te wees om sake te doen met die minimum bystand en die verskaffer sal steeds onderworpe wees aan 'n gestelde prestasiemetingsproses tydens die kontrak-/aanbodtydperk.

### **3. Toepassingsproses**

Die kwalifiserende onderneming of verskaffer moet die vereiste Aansoekvorm vir Bystand voltooi en alle besonderhede per e-pos aan die BRMO Ondernemings- en Verskafferontwikkelingsafdeling indien. Die versoek sal intern beoordeel word en formele terugvoering met betrekking tot die besluit sal aan die applikant verskaf word. Oorweging vir steun sal afhang van verskeie kriteria, onder andere, die beskikbaarheid van fondse/begrotings, verbeteringsfokusarea vir die streek en eerlike en deeglik voltooide aansoek. BRMO kan na eie goeiddunke enige aansoek wat ontvang is van die hand wys of enige aansoek wat ontvang is selekteer sonder dat enige redes aan die applikante verskaf word.

Ter ondersteuning van verhoogde besteding met VBP-verskaffers sal BRMO deurlopend nie-VBP-verskaffers beïnvloed om te transformeer. BRMO beoog om 'n minimum van 20/40 punte te bereik vir voorsieningsnakoming volgens inklusiewe verskaffingsteikens van die Mynboumanifest. Plaaslike vervaardigings persentasie is nie tans beskikbaar nie.

## **AFDELING 4: PROSESSE WAT VERBAND HOU MET DIE BESTUUR VAN AFSKALING EN AFDANKING (Reg. 46 (d))**

### **5.1 Inleiding**

Hierdie afdeling handel oor die prosesse en riglyne wat verband hou met die bestuur van afskaling en afdankings indien en wanneer die behoefte voordoen. Black Rock-myne se voorneme is om te hou by die riglyne soos uiteengesit in die Wet op Arbeidsverhoudings Nr. 66 van 1995 (LRA) in die hantering van afskaling en afdanking. Die toepaslike owerhede en werknemers sal in kennis gestel word van enige beplande afdankings ooreenkomstig wetgewende vereistes en onderhandelings met betrekking tot besnoeiingspakkette sal ingevolge wetgewing uitgevoer word. Die voorwaardes vir afskaling en afdanking sal in detail bespreek en gefinaliseer word in die Toekomsforum wanneer die behoefte voordoen.

### **5.2 Vestiging van 'n Toekomsforum (Reg. 46 (d)(i))**

BRMO het 'n Toekomsforum gevestig wat bestaan uit bestuur en georganiseerde arbeidsverteenvoerders wat ten minste elke ses (6) maande vergader. Die funksies van die Toekomsforum sluit in, maar is nie beperk nie tot voortgesette besprekings tussen werkerverteenvoerders en werkgewers oor:

- Die toekoms van die myn;
- Kyk vooruit om probleme, uitdagings en moontlike oplossings met betrekking tot produktiwiteit en diens te identifiseer;
- Ontwikkel omkeer- en herontplooiingstrategieë om werksverliese te help verminder;
- Verbeter sakevolhoubaarheid; en
- Implementeer strategieë waarvoor daar deur beide werkgewer en werkerspartye ooreengekom is.

### **5.3 Meganismes om poste te behou en werksverliese en 'n afname in indiensneming te vermy (Reg. 46 (d)(ii))**

Ingevolge artikel 52 (1) van die MPRDA moet die geaffekteerde myn die Minerale en Mynbouontwikkelingsraad in kennis stel indien die wins tot inkomsteverhouding minder as ses persent (6%) gemiddeld vir 'n aaneenlopende tydperk van twaalf (12) maande is of as tien persent (10%) of meer van die arbeidsmag of meer as vyfhonderd (500) werknemers afdank moet word. Black Rock-myne onderneem om die Minerale en Mynbouontwikkelingsraad onmiddellik in kennis te stel waar enige van die genoemde gebeure ontstaan het en onderneem ook om te voldoen aan enige ministeriële voorskrif uit sodanige proses.

Beplanning vir afskaling en/of afdanking sal onderneem word ingevolge die MAP en die geassosieerde arbeidsmagbeplanningsproses wat in plek sal wees vir die leeftyd van die myn. Partye erken dat die manier om diensbeëindigings te vermy of te minimaliseer beïnvloed sal word deur die omstandighede wat op 'n spesifieke tydperk heers wanneer die afdankings oorweeg word. Die partye stem ooreen dat die volgende alternatiewe oorweeg sal word waar van toepassing:

- Werwing van nuwe werknemers sal slegs plaasvind sodra die maatskappy probeer het om vakante poste uit interne bronne te vul in die geval waar geaffekteerde toepaslik gekwalifiseerde werknemers oorplasing na vakante poste weier en waar daar 'n behoefte na gespesialiseerde vaardighede voorkom.
- Die beëindiging van die dienste van relevante tydelike werknemers, huurarbeid en relevante privaat kontrakteurs ingevolge Artikel 189 van die Wet op Arbeidsverhoudings indien nodig.
- Die instelling van 'n verlengde verlofskema as vermydingsmaatreël om die aantal afdankings te minimaliseer indien dit 'n haalbare opsie is.
- Werknemers wat binne drie maande van hulle kwalifiserende verlofdatum is, moet geskeduleer word om hulle verlof vroeër te neem indien operasionele vereistes toelaat.
- Beskikbaarstelling van Vrywillige Skeidingspakkette (VSP) en Vroeë Aftredepakette (VA) aan alle werknemers. Werknemers wat in diens is in die geaffekteerde kategorieë wat moontlik nie gekies is vir afdanking nie mag aansoek doen vir vroeë aftrede om die afdanking van ander werknemers wat binne dieselfde geaffekteerde beroep in diens is wat gekies is vir afdanking te verhoed. Die maatskappy behou egter die reg om die VSP- en VA-aansoeke te aanvaar of te weier. As die aansoek vir vroeë aftrede aanvaar word, sal die werknemer kwalifiseer vir skeidingsvergoeding. Die vrystellingsdatum van suksesvolle kandidate sal afhang van operasionele vereistes.

#### **5.4 Meganismes om alternatiewe oplossings en prosedures te voorsien vir die skepping van werksekerheid waar werksverliese nie vermy kan word nie**

Black Rock-myne onderneem om volgens Artikel 52(1) van die MPRDA die Minerale en Mynbouontwikkelingsraad in kennis te stel van enige moontlike afdankings soos en wanneer vereis tydens die lewe van die bedryf en binne drie (3) tot vyf (5) jaar voor die einde van die lewe van die myn. Sodanige kennisgewing sal die tydraamwerke vir die sluitingsproses en kwessies wat by die Toekomstforum bespreek is, insluit. Ander geïnteresseerde partye wat in kennis gestel sou word, is die DvA, die Plaaslike Munisipaliteit en die relevante owerhede van enige vername arbeidsafsendingsgebied soos bepaal onder andere deur die myn se arbeidsafsendingsgebiedrekords. Soos hier bo in Afdeling 4.3 uiteengesit, sal 'n omvattende konsultasieproses ingevolge Artikel 189 van die LRA ook geïnisieer word.

Terwyl die Menslike Hulpbron- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsprogramme soos uiteengesit in vorige afdelings ontwikkel en beplan is om geïmplementeer te word om volhoubare maatskaplike en ekonomiese groei in plaaslike gemeenskappe reg deur die lewe van die myn te fasiliteer, sal maatreëls vir die bestuur van die impak van afskaling en sluiting op die plaaslike gemeenskap en arbeidsafsendingsgemeenskappe steeds vereis word.

Die ontwikkeling van die sluitingsplan sal klem plaas op omvattende en sensitiewe konsultasie met alle belanghebbendes. Beswaarbestuur is moontlik onder belanghebbendes, soos plaaslike besighede wat verstaanbare vrese en bekommernisse sal hê rakende die sluiting. Konsultasie en kommunikasie met belangegroepes uit plaaslike gemeenskappe, relevante regeringsdepartemente en plaaslike besighede sal ook uitgevoer word. Hierdie belanghebbendes mag deelneem aan die gevestigde Toekomstforum of subkomitees daarvan en besprekings fasiliteer oor prioriteite vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling binne die sluitingsbeplanningsnetwerk en verseker dat gemeenskapsintervensies volhoubaar is tydens die sluiting en na-sluiting. Soos met die Menslike Hulpbronontwikkelingsprogram by BRMO sal die Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsprogram geïmplementeer word reg deur die lewe van die werksaamhede met 'n sleuteldoelstelling om te verseker dat enige korporatiewe maatskaplike intervensie en die PEO-bystand

wat verskaf word, volhoubaar sal wees en tot voordeel sal wees van die teikengemeenskappe lank ná sluiting. Programme, soos bystand in die groei van kapasiteit binne gevestigde gemeenskapstrukture rakende leierskapsvaardighede, finansiële bestuur, projekbestuur en kommunikasie sal deel uitmaak van die kapasiteitsontwikkelingsprogramme vir plaaslike munisipaliteite. Daarby sal die myn die potensiële gebruik vir uitgediende/ongebruikte myninfrastruktuur na die algehele afskaling en sluiting van die myn (opleidingsentrums, kantoorgeboue, ens.) oorweeg. Tydens sluiting sal die myn 'n sterk verplaasbare vaardigheidsopleidingsprogram implementeer wat ontwerp is om werknemers te help om alternatiewe werk te kry en ekonomies aktief te bly ná die mynsluiting.

Bestuurstrategieë vir die na-sluitingstydperk sal ook met belanghebbendes binne die sluitingsbeplanningsproses ontwikkel word. Strategieë wat afhanklikheid onder die maatskaplike intervensiebegunstigdes vermy en onafhanklikheid onder individue en besighede in die gemeenskap bevorder, sal ontwikkel word om na-sluitingsvolhoubaarheid te verseker. Voortgesette konsultasie en raadgewende rolle wat potensieel deur die Toekomstforumstrukture of sy relevante subkomitees gefasiliteer is, sal aangewend word om te verseker dat program en planne voortgaan om volhoubare en effektiewe voordele te lewer.

## 5.5 Meganismes om die maatskaplike en ekonomiese impak op individue, streke en ekonomieë waar afdankings of sluiting van die bedryf seker is te versag

Afskaling en afdanking by 'n myn het die potensiaal om nie net werknemers te affekteer nie, maar ook omliggende besighede en gemeenskappe; dus is noukeurige beplanning noodsaaklik om die felheid van die hele proses te beperk. 'n Hoofdoelstelling van die MHO- en PEO-programme soos uiteengesit in Afdelings 2 en 3 van hierdie MAP is om volhoubare maatskaplike ekonomiese groei in die plaaslike gemeenskap tydens die lewe van die myn en daarna te fasiliteer. Die myn erken dat die Maatskaplike en Arbeidsplan geldig is tot 'n Sluitingsertifikaat uitgereik word ingevolge Artikel 43 van die Wet.

Die doelstelling om volhoubare maatskaplike en ekonomiese behoeftes te fasiliteer kan aangevul word deur bykomende maatreëls om die impak van die mynsluiting op beide die omliggende gemeenskappe en daardie gemeenskappe waarvandaan arbeid afgesend word te bestuur. Om hierdie impak te assesseer, sal 'n sosio-ekonomiese impakanalise (SEIA) gedoen word deur spesialiskonsultante voor die ontwikkeling van gedetailleerde sluitingsbestuursplanne. Die planne om die sosio-ekonomiese impak van afdankings en/of die mynsluiting te bestuur moet omvattend wees en sal 'n verskeidenheid van strategieë insluit. Die beginsels onderliggend aan die ontwikkeling en implementering van mynsluitingstrategieë word in Tabel 54 hier onder uiteengesit.

Sluitingsprogram: Strategiese Aksieplan	Verantwoordelike Departement	Tydsraamwerk
'n Omvattende en sensitiewe konsultasieproses sal met belangegroepes uit die plaaslike gemeenskappe, plaaslike besighede, regeringsdepartemente en ander Geïnteresseerde en Geaffekteerde Partye (G&GP) gehou word.	MH, OVO en SEO-departement	Wanneer vereis
Doen 'n omvattende Sosio-Ekonomiese Impakassessering van die geraakte gebiede om die sleutel maatskaplike risiko's te bepaal en ontwikkel versagtinge maatreëls wat by 'n geformaliseerde Maatskaplike Sluitingsplan ingesluit kan word.	SEO-departement	Wanneer vereis

Sluitingsprogram: Strategiese Aksieplan	Verantwoordelike Departement	Tydsraamwerk
<p>Verskaffing van verplaasbare vaardighede aan werknemers wat afdanking in die gesig staar (bykomend tot dié verskaf gedurende die lewe van die myn volgens die vaardigheidsontwikkelingsplanne en arbeidsmagbeplanning uiteengesit in Afdeling 2.4), veral nie-mynbouerwante vaardighede. Sodanige verplaasbare vaardighede moet 'n impak hê verder as die maatskappy en voorsiening maak vir volhoubare diensbaarheid en sal, waar haalbaar:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bou op werknemers se bestaande vaardighede en nasionaal erken word;</li> <li>• Werknemers in staat stel om hulle loopbane te bestuur deur geïdentifiseerde vaardigheidsleemtes aan te spreek;</li> <li>• Bestaande vaardighede met sakeverwante opleiding waar toepaslik aanvul.</li> </ul>	MHO-departement	Deurlopend

**Tabel 55: Ontwikkeling en Implementering van Sluitingstrategieë**

## 5.6 Na-sluitingsbeplanning

Benewens ander sluitingswetgewing verklaar die Mineralewet Nr. 38 van 1991 dat die houer van 'n mynreg verantwoordelik is vir die rehabilitering van die betrokke grondoppervlak ingevolge die vereistes van die Omgewingsbestuurprogram (OBP), asook as 'n integrale deel van die betrokke mynbedrywighede tydens die lewe van die myn tot sluiting. Wanneer 'n myn sluit, gaan die geassosieerde myndienste ook verlore wat die geaffekteerde gemeenskappe met aansienlike uitdagings kan laat wanneer die myn onttrek het. 'n Myn moet 'n realistiese na-sluitingsplan vasstel oor hoe die geslote myn ten beste die res van die omgewing en gemeenskappe kan integreer.

Suksesvolle mynsluiting word uiteindelik gemeet aan die nalatenskap wat ná sluiting agterbly; dus is BRMO verbind tot die vestiging van prosesse reg deur die lewe van die myn om te verseker dat sluitingstrategieë doeltreffend is. Bestuurstrategieë wat onafhanklikheid onder individue en besighede in die gemeenskap bevorder, sal ontwikkel word om na-sluitingvolhoubaarheid te verseker. Die Toekomsforumstruktuur en betrokkenheid van die relevante belanghebbendes sal ook aangewend word om te verseker dat die programme en planne aanhou om volhoubare en effektiewe voordele te lewer.

Na-sluitings- PEO-projekte is dikwels moeilik om te beplan maar moet, waar moontlik, in lyn wees met ander volhoubare nywerhede in die streek en/of bestaande projekte; dus is dit noodsaaklik vir die myn om nou saam te werk met die plaaslike munisipaliteite wanneer voorsiening gemaak word vir toekomstige volhoubare PEO-projekte in die streek. Al is voorbereiding vir sluiting en na-sluitingsprogramme 'n deurlopende proses reg deur die operasionele fase van die myn, sal die myn ten minste drie (3) jaar voor sluiting begin met effektiewe beplanning. Tydens hierdie tydperk is dit belangrik om te hou by die verbintenisse van die Maatskaplike en Arbeidsplan, asook om relevante



belanghebbendes en spesialiste in 'n verskeidenheid van geassosieerde gebiede te raadpleeg om 'n uitkoms te fasiliteer wat verder die uitwerking van die mynsluiting sal minimaliseer.

## 5.7 Kommunikasie van die Maatskaplike en Arbeidsplan aan werknemers by die Black Rock-myne (Reg. 46 (f)) Verklaring van Onderneming

Om te voldoen aan die vereistes van die MPRDA (spesifiek Regulasie 46 A, B en C) sal Black Rock Mine Operations voortgaan om te verseker dat elke werknemer jaarliks ingelig word omtrent die bepalings uiteengesit in die myn se MAP, asook die vordering in die bereiking van die doelstellings. Om die inligting doeltreffend te kommunikeer, sal die volgende proses gevolg word, soos uitgebeeld in Tabel 56 hier onder.

Strategiese Aksieplan	Verantwoordelike Persoon	Tydsraamwerk
1. BRMO sal die goedgekeurde MAP in Engels, Setswana en Afrikaans publiseer, afskrifte waarvan openbaar beskikbaar gestel sal word deur die maatskappy se webwerf, plaaslike biblioteek en plaaslike munisipale kantore.	Transformasie Departement	Binne 30 dae vanaf formele goedkeuring van DMHE
2. Die myn sal die beskikbaarheid van die MAP deur die plaaslike radiostasies en plaaslike koerante kommunikeer.	Transformasie Departement	Soos en wanneer benodig
3. Tydens die implementering van die MAP sal die myn ten minste drie (3) vergaderings per jaar met myngemeenskappe en geïnteresseerde en geaffekteerde persone belê om die belanghebbendes op hoogte te hou van die vordering wat gemaak is met die implementering van die MAP. 'n Omvattende kwessies- en reaksieregister sal by hierdie vergaderings gehou word en voorgelê word saam met die MAP-jaarverslae	SEO-departement MH Departement OVO Departement	Deurlopend
4. Black Rock-myne sal die inhoud van die MAP aan al sy werknemers deur gevestigde kommunikasiestrukture kommunikeer.	MH Departement	Deurlopend
5. Die Toekomsforum sal MAP-implementeringskwessies tydens die lewe van die werksaamhede, asook die kwessies wat verband hou met afskaling en afdanking indien hulle voorkom, bespreek en kommunikeer.		Deurlopend

**Tabel 56: MAP Kommunikasieproses van Implementeringsaksieplan**

## AFDELING 5: FINANSIËLE ONDERNEMING (Reg. 11 (1)(g)(iii))

Artikel 23(1) (e) van die MPRDA verklaar: “Die Minister moet ’n mynreg toestaan indien die applikant finansiële voorsiening verskaf het vir die voorgeskrewe Maatskaplike en Arbeidsplan.” Black Rock-myne sal finansiële voorsiening maak vir elke komponent van die MAP soos vereis. Tabel 56 bied ’n opsomming van die finansiële verbintenis by die myn ten opsigte van alle elemente van die MAP vir ’n vyfjaartydperk vanaf 2021/22 tot 2025/26.

MAP Program	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026	Totaal
Menslike Hulpbronontwikkelings-programme	R 50 769 341	R 53 735 245	R 56 803 504	R 60 120 438	R 63 615 090	R 285 043 618
Myngemeenskapontwikkeling	R 21 132 825	R 31 958 687	R 31 004 020	R 25 246 887	R 25 676 881	R 135 019 299
Sluiting- en Afdankingsbestuur	R197 172 843	R227 326 575	R259 690 053	R294 252 254	R330 717 237	R1 309 158 962
MAP Kommunikasieprogram	R 80 000	R 80 000	R 80 000	R 80 000	R80 000	R 400 000
<b>Totaal</b>	<b>R269 155 009</b>	<b>R313 100 507</b>	<b>R347 577 577</b>	<b>R379 699 579</b>	<b>R420 089 208</b>	<b>R1 729 621 879</b>

**Tabel 57: Opsomming van Finansiële Ondernemings ten opsigte van Black Rock-myne vir die tydperk 2021/22 – 2025/26**

\* Gebaseer op maksimum diens van 20 jaar

\* Maart 2021 Salarisdata

Bogenoemde verbintenis is gegrond op die huidige sakeplan. Waar veranderings aan bogenoemde vereis word, sal daar hieroor in die MAP-jaarverslae verslag gedoen word. Daar sal ook jaarliks verslag gedoen word oor werklike besteding in elk van die elemente van die MAP.

## 5.1 Menslike Hulpbronontwikkelingsprogramme

Afdeling 2 gee 'n uiteensetting van die Menslike Hulpbronontwikkelingsprogramme (MHO) wat deur Black Rock-myne aangeneem sal word. Gebaseer op huidige beplanning het Black Rock-myne egter voorsiening gemaak vir ongeveer 5% van die totale loonrekening per jaar vir besteding aan MHO-programme.

	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026	Totaal MAP 3 Begroting
VOO	R280 000	R290 000	R300 000	R315 000	R330 000	R1 515 000
Wiskunde- en Wetenskapprogram	R2 332 000	R2 471 920	R2 620 235	R2 777 449	R2 944 096	R13 145 701
Leerderskappe 18.1	R9 224 120	R9 777 567	R10 364 221	R10 986 075	R11 645 239	R51 997 222
Leerderskappe 18.2	R14 628 000	R15 505 680	R16 436 021	R17 422 182	R18 467 513	R82 459 396
Kernbesigheid	R9 610 491	R10 187 121	R10 798 348	R11 446 249	R12 133 024	R54 175 233
Verplaasbare Vaardighedsopleiding	R849 473	R900 441	R954 467	R1 011 735	R1 072 440	R4 788 556
Beurse	R2 063 698	R2 187 519	R2 318 771	R2 457 897	R2 605 371	R11 633 255
Studiebystand	R2 000 000	R2 120 000	R2 247 200	R2 382 032	R2 524 954	R11 274 186
Internskappe	R8 694 000	R9 128 700	R9 585 135	R10 064 392	R10 567 611	R48 039 838
Mentorskap	R1 087 560	R1 166 297	R1 179 106	R1 257 427	R1 324 843	R6 015 233
	<b>R50 769 341</b>	<b>R53 735 245</b>	<b>R56 803 504</b>	<b>R60 120 438</b>	<b>R63 615 090</b>	<b>R285 043 619</b>

Tabel 58: Opsomming van Finansiële Ondernemings ten opsigte van Black Rock-myne se Menslike Hulpbronontwikkelingsprogramme (2021/22 – 2025/26)

## 5.2 Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsprogramme

Afdeling 3 bied besonderhede oor die geïntegreerde PEO-programme geïnisieer deur Black Rock-myne. Tabel 58 bied 'n opsomming van die finansiële voorsiening vir PEO-programme vir die volgende vyf (5) jaar. Kyk kontantvloeivereiste bo aangedui.

PROGRAM	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026	TOTAAL
Haalbaarheidstudie vir Konstruksie van 'n Streeksafvalwatersuiwerings-aanleg	R 3 000 000	R 3 000 000				R 6 000 000
Opknapping van Kuruman Afvalwatersuiweringsaanleg	R 3 600 000	R 3 600 000	R 3 600 000	R 3 600 000	R 3 600 000	R 18 000 000
Opgradering van 'n gedeelte van Elektriese Netwerk	R 3 161 544	R 3 161 544	R 3 161 544	R 3 161 544	R 3 161 544	R 15 807 719
Ontwerp van 'n verbypad van die N14 by Eldorado na die R31	R 1 000 000	R 1 000 000				R 2 000 000
Konstruksie van 'n gedeelte van Gasese-Mokalawanoga-pad		R 1 837 500	R 1 837 500	R 1 837 500	R 1 837 500	R 7 350 000
Kruis-Aar Watervoorsiening		R 2 370 876	R 2 370 876			R 4 741 751
Glenred Watervoorsiening		R 1 929 995	R 1 929 995	R 1 929 995	R 3 859 990	R 9 649 975
Cassel Watervoorsiening		R 3 000 000	R 3 000 000	R 3 000 000	R 3 000 000	R 12 000 000
Konstruksie van 'n gedeelte van Motoloaneng-Gadiboe-toegangspad			R 3 189 061	R 3 189 061	R 3 189 061	R 9 567 183
Konstruksie van 'n gedeelte van Masankong-toegangspad	R 1 848 241	R 1 848 241	R 1 848 241	R 1 848 241	R 1 848 241	R 9 241 204
Gamakgatle Duikslot	R 2 923 040	R 2 923 040				R 5 846 080
Makhubung Duikslot	R 4 100 000	R 2 537 492				R 6 637 492
Vervoerkonsortium			R 1 766 812	R 1 766 812	R 1 766 812	R 5 300 435
Landboukonsortium			R 3 549 992	R 3 413 735	R 3 413 735	R 10 377 461
Munisipale Brandweerwa		R 3 250 000	R 3 250 000			R 6 500 000
Haalbaarheidstudie oor Distriksrampbestuursentrum	R 1 500 000	R 1 500 000	R 1 500 000	R 1 500 000		R 6 000 000
<b>Totaal</b>	<b>R 21 132 825</b>	<b>R 31 958 687</b>	<b>R 31 004 020</b>	<b>R 25 246 887</b>	<b>R 25 676 881</b>	<b>R 135 019 299</b>

Tabel 59: Opsomming van Finansiële Ondernemings ten opsigte van Black Rock-myne se Plaaslike Ontwikkelingsprogramme

### 5.3 Bestuur van Afskaling- en Afdankingbestuursprogramme

Die voortgesette belegging in MHO-programme en fasilitering van opleiding tydens die lewe van Black Rock-myne is bedoel om die verkryging van vaardighede wat diensbaarheid aan die werksmag verder as die lewe van die werksaamhede te steun.

Onderhandelings met betrekking tot besnoeiingspakkette sal uitgevoer word ten tye van die plaasvind daarvan. Sodanige onderhandelings en konsultasie sal ooreenkomstig heersende wetgewing en beste praktyk wees. Voorsiening vir afskaling en afdankings word in Tabel 59 ingesluit.

MAP Program	2021/2022	2022/2023	2023/2024	2024/2025	2025/2026	Totaal 2021 – 2026
Sluiting- en Afdankingsbestuur *	R197 172 843	R227 326 575	R259 690 053	R294 252 254	R330 717 237	R1 309 158 962

**Tabel 60: Opsomming van Finansiële Ondernemings ten opsigte van die Black Rock-myne se Sluitings- en Afdankingsbestuursprogramme**

\* Gebaseer op maksimum diens van 20 jaar

\* Maart 2021 Salarisdata

**AANHANGSEL A: ARBEIDSAFSENDINGSGBIEDE**

Lys van Munisipaliteite	Oos-Kaap (ZA)	Vrystaat (ZA)	Gauteng (ZA)	KwaZulu-Natal (ZA)	Limpopo (ZA)	Mpumalanga (ZA)	Noordwes (ZA)	Noord-Kaap (ZA)	Wes-Kaap (ZA)	Groot Totaal
Ba-Phalaborwa Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Bergrivier Plaaslike Munisipaliteit									1	1
Buffalo Stad Metropolitaanse Munisipaliteit	1									1
Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit									4	4
Stad Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit			16							16
Stad Matlosana Plaaslike Munisipaliteit							14			14
Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit			16							16
Dikgatlong Plaaslike Munisipaliteit								2		2
Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit			12							12
Emalahleni Plaaslike Munisipaliteit						9				9
Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit			1							1
eThekwini Metropolitaanse Munisipaliteit				2						2
Fetakgomo Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Gamagara Plaaslike Munisipaliteit								154		154
Ga-Segonyana Plaaslike Munisipaliteit								1391		1391
George Plaaslike Munisipaliteit									1	1
Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit						4				4
Groter Giyani Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Groter Taung Plaaslike Munisipaliteit							5			5
Groter Tubatse Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Joe Morolong Plaaslike Munisipaliteit								632		632
Kagisano-Molopo Plaaslike Munisipaliteit							5			5
Kai Garib Plaaslike Munisipaliteit								1		1
Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit								1		1
Kareeberg Plaaslike Munisipaliteit								1		1
Kgatelopele Plaaslike Munisipaliteit								38		38
Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit							1			1
Khai-Ma Plaaslike Munisipaliteit								10		10



Lys van Munisipaliteite	Oos-Kaap (ZA)	Vrystaat (ZA)	Gauteng (ZA)	KwaZulu-Natal (ZA)	Limpopo (ZA)	Mpumalanga (ZA)	Noordwes (ZA)	Noord-Kaap (ZA)	Wes-Kaap (ZA)	Groot Totaal
Khara Hais Plaaslike Munisipaliteit								11		11
Lekwa-Teemane Plaaslike Munisipaliteit							1			1
Lepelle-Nkumpi Plaaslike Munisipaliteit					2					2
Lephalale Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Lukhanji Plaaslike Munisipaliteit	1									1
Madibeng Plaaslike Munisipaliteit							6			6
Magareng Plaaslike Munisipaliteit								1		1
Mahikeng Plaaslike Munisipaliteit							10			10
Makhado Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Makhudutamaga Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Mamusa Plaaslike Munisipaliteit							1			1
Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit		6								6
Maquassi Hills Plaaslike Munisipaliteit							1			1
Matjhabeng Plaaslike Munisipaliteit		12								12
Matzikama Plaaslike Munisipaliteit									3	3
Mbombela Plaaslike Munisipaliteit						3				3
Merafong Stad Plaaslike Munisipaliteit			10							10
Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit		1								1
Mier Plaaslike Munisipaliteit								1		1
Mogalakwena Plaaslike Munisipaliteit					2					2
Mohokare Plaaslike Munisipaliteit		2								2
Moghaka Plaaslike Munisipaliteit		4								4
Moses Kotane Plaaslike Munisipaliteit							1			1
Msunduzi Plaaslike Munisipaliteit				1						1
Mutale Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Nala Plaaslike Munisipaliteit		1								1
Naledi Plaaslike Munisipaliteit		1					8			9
Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit								12		12
Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit	2									2
Nyandeni Plaaslike Munisipaliteit	1									1
Phokwane Plaaslike Munisipaliteit								2		2

Lys van Munisipaliteite	Oos-Kaap (ZA)	Vrystaat (ZA)	Gauteng (ZA)	KwaZulu-Natal (ZA)	Limpopo (ZA)	Mpumalanga (ZA)	Noordwes (ZA)	Noord-Kaap (ZA)	Wes-Kaap (ZA)	Groot Totaal
Pixley Ka Seme Plaaslike Munisipaliteit						1				1
Polokwane Plaaslike Munisipaliteit					2					2
Ramotshere Moiloa Plaaslike Munisipaliteit							1			1
Randfontein Plaaslike Munisipaliteit			3							3
Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit							47			47
Saldanhabaai Plaaslike Munisipaliteit									11	11
Sekhukhune Distriksmunisipaliteit					2					2
Senqu Plaaslike Munisipaliteit	3									3
Siyancuma Plaaslike Munisipaliteit								1		1
Sol Plaatje Plaaslike Munisipaliteit								33		33
Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit						3				3
Thaba Chweu Plaaslike Munisipaliteit						5				5
Thabazimbi Plaaslike Munisipaliteit					4					4
Theewaterskloof Plaaslike Munisipaliteit									1	1
Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit								1		1
Thembisile Hani Plaaslike Munisipaliteit						1				1
Thulamela Plaaslike Munisipaliteit					1					1
Tlokwe Plaaslike Munisipaliteit							2			2
Tokologo Plaaslike Munisipaliteit		2								2
Tsantsabane Plaaslike Munisipaliteit								57		57
Tswelopele Plaaslike Munisipaliteit		1								1
Umjindi Plaaslike Munisipaliteit						1				1
uMngeni Plaaslike Munisipaliteit				1						1
Victor Khanye Plaaslike Munisipaliteit						2				2
Westonaria Plaaslike Munisipaliteit			7							7
<b>Groot Totaal:</b>	<b>8</b>	<b>30</b>	<b>65</b>	<b>4</b>	<b>21</b>	<b>29</b>	<b>103</b>	<b>2349</b>	<b>21</b>	<b>2630</b>

**AANHANGSEL B: RAS- EN GENDERINDELING VAN AFDELING 2-TEIKENS**

**AANHANGSEL B1 VOO RAS- EN GENDERINDELING VIR DIE TYDPERK 2022 – 2026**

Gender en Ras	2021/2022							2022/2023							2023/2024							2024/2025							2025/2026						
	Gender		Ras					Totaal	Gender		Ras					Totaal	Gender		Ras					Totaal	Gender		Ras					Totaal			
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Vroulik		Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Vroulik	Manlik		Swart	Bruin	Indiër	Wit	Vroulik	Manlik	Swart		Bruin	Indiër	Wit	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin		Indiër	Wit	
Pre-VOO																																			
VOO-vlak 1																																			
VOO-vlak 2	0	5	5	0	0	0	5	3	2	4	1	0	0	5	2	3	4	1	0	0	5	1	4	5	0	0	0	5	0	5	5	0	0	0	5
VOO-vlak 3																																			
VOO-vlak 4																																			
Totaal	0	5	5	0	0	0	5	3	2	4	1	0	0	5	2	3	4	1	0	0	5	1	4	5	0	0	0	5	0	5	5	0	0	0	5
<b>Groot Totaal</b>	<b>5</b>							<b>5</b>							<b>5</b>							<b>5</b>													

**AANHANGSEL B2 ARTIKEL 18.1 LEERDERSKAPPE RAS- EN GENDERINDELING VIR DIE TYDPERK 2022 – 2026**

Nuwe Inname-teikens vir Artikel 18.1 Leerderskappe:																																							
2021/2022								2022/2023						2023/2024						2024/2025						2025/2026													
Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal								
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit									
9	5	4	4	4		1	9	c	voortsettings						0	17	10	7	9	7		2	17	c	voortsettings						0	9	5	4	4	4		1	9

MAP 3 Opvang vir Artikel 18.1 Leerderskappe:																																							
2021/2022								2022/2023						2023/2024						2024/2025						2025/2026													
Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal								
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit									
8	5	3	3	4		1	8	c	voortsettings						0	8	5	3	3	4		1	8	c	voortsettings						0	0	0	0	0	0	0	0	0

**AANHANGSEL B3 ARTIKEL 18.2 LEERDERSKAPPE RAS- EN GENDERINDELING VIR DIE TYDPERK 2022 – 2026**

Nuwe Inname-teikens vir Artikel 18.2 Leerderskappe:																																							
2021/2022								2022/2023						2023/2024						2024/2025						2025/2026													
Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal								
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit									
0	voortsetting						0	4	3	1	2	2			4	33	20	13	17	13		3	33	5	6	4	5	4		1	10	19	11	8	10	8		1	19

**AANHANGSEL B4 GEMEENSKAPSBEURSE RAS- EN GENDERINDELING VIR DIE TYDPERK 2022 – 2026**

Nuwe Inname-teikens vir Gemeenskapsbeursprogramme:

2021/2022																											2022/2023							2023/2024							2024/2025							2025/2026						
Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal																							
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit																								
0	voortsettings						0	11	7	4	6	4		1	11	3	2	1	2	1		0	3	8	5	3	4	3		1	8	6	4	2	3	2		1	6															

**AANHANGSEL B5 INTERNSKAPPE RAS- EN GENDERINDELING VIR DIE TYDPERK 2022 – 2026**

Nuwe Inname-teikens vir die Internskapprogram by Black Rock Mine Operations:

2021/2022														2022/2023							2023/2024							2024/2025							2025/2026						
Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal										
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit											
6	4	2	3	2	0	1	6	0	voortsetting						0	4	2	2	2	2	0	0	4	6	4	2	3	2	0	1	6	0	voortsetting						0		


**AANHANGSEL B6 STUDIEBYSTAND RAS- EN GENDERINDELING VIR DIE TYDPERK 2022 – 2026**

Nuwe Inname-teikens vir die Studiebystandprogram by Black Rock Mine Operations

2021/2022														2022/2023							2023/2024							2024/2025							2025/2026						
Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal	Teiken	Gender		Ras				Totaal										
	Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit			Vroulik	Manlik	Swart	Bruin	Indiër	Wit											
30	18	12	15	12		3	30	30	18	12	15	12		3	30	30	18	12	15	12		3	30	30	18	12	15	12		3	30	30	18	12	15	12		3	30		

# AANHANGSEL C: GENERIESE LOOPBAANRIGTINGS

## AANHANGSEL C1 – Loopbaanrigtings in Mynbou





## AANHANGSEL C2: Loopbaanrigtings in Ingenieurswese

